

Die Groot Opdrag:

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: B1060

Skriflesing: Matt 28:1-20

Kernvers: 19 - “ Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het”.

Ek wil dan hiermee graag die twee groot opdragte in die Bybel met mekaar vergelyk. Dit lui die twee magtigste tydperke in die geskiedenis van die Bybel in die ganse Skepping in.

Hier in vers 18 beskryf dit Jesus in Sy opstandingskrag en Hy sê vir die dissipels: “Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde”, en dan gee Hy die groot opdrag (vers 19). Hy belowe ook: “En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wereld”. Dit beteken ook nou huidiglik Hy is met ons!

Die ander opdrag vind ons reg aan die begin van die Bybel in Gen 1:26 – “ En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip”.

In vers 28 sê God vir die mens om vrugbaar te wees en die aarde te onderwerp en te heers oor die skepping...Adam moes die aarde vul met God se beeld – hy moes vir God 'n nageslag nalaat op die aarde, 'n geslag wat van God self gekom het. 'n Geslag sonder sonde, ellende, pyn en dood.

Hierdie wêreld waarin ons vandag lewe is nie daardie wêreld wat God bedoel het nie, want Adam was ongehoorsaam aan daardie eerste opdrag. En as gevolg van daardie ongehoorsaamheid het die ellende gekom.

Ons hoor vandag vreemde stemme, stemme van ellende, verwarring en dood. Vrees het in die wêreld gekom, vrees vir die toekoms, vrees vir die rigting waarin die wêreld vandag beweeg.

Sal God dit maar laat begaan? Nee, hoegenaamd nie, want Hy is n genadige God en sal Sy raadsplan met die mens nie laat vaar nie. Daarom het Hy Jesus vir ons gegee om alles te kom herstel. Hy het oorwin en het Sy opdrag vervul.

Laat ons dan ook Sy opdrag uitvoer van Matt 28:19